

Aäron se bottende kierie in die verbondsark (OP50)

Num 17:1-13

25 Julie 2021

Laasweek het ons stilgestaan by die opstand van Korag, Datan en Abiram. Ons het gesien hulle was in opstand teen Moses en Aäron. Maar die Here het Moses se leierskap en Aäron se hoëpriesterskap bevestig. Enersyds het die Here dit bevestig deurdat Korag, Datan en Abiram lewendig die doderyk in is, dat die 250 leiers wat saam met hulle in opstand gekom het, deur vuur verteer is, en deurdat 'n plaag van die Here 14 700 lede van die volk gedood het. Andersyds het die Here dit bevestig deurdat Hy deur Moses as leier gewerk het om aan te kondig wat nou gaan gebeur, deurdat Hy die altaar met die koper van die vuurpanne van die 250 leiers laat oortrek het as teken dat Aäron die hoëpriester is, en deurdat Aäron tussen die lewendes en die dooies gaan staan het om versoening vir hulle te doen en die plaag sodoende opgehou het. Verder het ons gesien dat Moses en Aäron tipes van Jesus was. Jesus is die ware Priesterkoning wat deur die Heilige Gees verdedig (gevindicate) word.

Vandag kom ons nou by Num 17. Hierdie hoofstuk is baie nou verwant aan Num 16. Soos wat die Here alreeds in Num 16 deur die koperoorgetrekte altaar en deur Aäron wat tussen die lewendes en die dooies staan en versoening doen, bevestig het dat Aäron sy keuse is vir die rol as hoëpriester, so bevestig dit Here dit nog 'n keer, dus die derde keer, hier in Num 17. Maar anders as in die twee gevalle in Num 16 wat telkens gevolg het na 'n opstand van óf Korag, Datan en Abiram, óf die volk, is dit die Here wat die inisiatief neem met die derde bevestiging. Kom ons begin en kyk na die gebeure wat hier plaasvind.

Opsomming van die Num 17 gebeure (Num 17:1-13)

Die Here gee deur Moses opdrag aan die volk dat elke stam 'n kierie moes bring, en die leier van die betrokke stam se naam moes op die kierie geskryf wees wat hulle bring (vs 1-2). Aäron se naam moes op die kierie van die stam Levi geskryf wees.

Hoekom moes hulle juis keries bring? Wel, keries was 'n simbool van gesag. Dink maar aan Moses wat sy kierie in Egipte gebruik het met die tekens wat hy van die Here ontvang het om die volk te oortuig dat die Here hom na hulle gestuur het (Eks 4:1), of aan Moses wat met sy kierie die Rooi See oopgeklou het (Eks 14:16), of aan Moses wat die rots met sy kierie geslaan het en daar het water uitgekóm (Eks 17:5). Die saak wat die Here deur die keries wil uitmaak, is of Hy aan Aäron die gesag gegee het om as hoëpriester onder die volk op te tree.

Volgens vers 4, moes Moses die keries voor die getuienis plaas in die tent van ontmoeting, oftewel die tabernakel. Die getuienis waarvan hier sprake is, is natuurlik die 10 gebooue wat op kliptafels geskryf was en wat in die verbondsark gelê het – ons kom later hiernatoe terug. Die punt is dus dat die keries in die Allerheiligste van die tabernakel geplaas is. Vers 5 verduidelik ook wat die doel van die Here met hierdie handeling was: Hy wil 'n einde maak aan die Israeliete se aanhoudende verset teen Moses en Aäron. Moses en die volk het toe gedoen soos wat die Here beveel het.

Toe Moses die volgende more in die tabernakel kom, het Aäron se kierie oornag begin bot (vers 8) – trouens dit het nie net gebot nie, bo en behalwe die botsels was daar ook bloeisels en selfs ryp amandelvrugte aan Aäron se kierie. Maar dit was net die geval met Aäron se kierie. Moses het toe die keries uitgebring vir die volk om te sien. Elke leier het sy kierie sonder botsels terug ontvang. Aäron het egter nie sy kierie terug ontvang nie. Die Here het beveel dat Aäron se kierie voor die

getuienis geplaas moes word as 'n teken teen enigiemand wat in die toekoms weer in opstand wil kom teen die feit dat Aäron die hoëpriester is (vers 10).

In vers 12 en 13 sê die volk vir Moses: "Dit is klaar met ons! Ons gaan almal tot niet!" Hulle het duidelik begin snap dat as een van hulle maar net naby die tabernakel kom, sal so 'n persoon sterf. Dit is net vir die priesters beskore. Hulle sluit af met die vraag: "Is ons dan geheel en al daarvoor bestemd om weg te sterwe?" (OAV)

Betekenis van die gebeure

Kom ons besin nou oor die betekenis van die gebeure. Kan ek vier aspekte uitwys:

- **Aäron is die hoëpriester:** Ek hoop dit is teen hierdie stadium duidelik. Die Here het hier opnuut bevestig dat Aäron sy keuse is as hoëpriester. Ons sien dit deurdat Aäron se kiere oornag begin bot het, terwyl nie een van die ander leiers se kieres dieselfde gedoen het nie. Dit is ook wat ons laasweek in Num 16 gesien het. En natuurlik, is Aäron 'n Ou Testamentiese tipe van Jesus wie, volgens Hebreërs, die ware Hoëpriester is.
- **Die nood van die volk:** Die volk het besef (wel, ten minste tot 'n mate) wat die realiteit van hulle situasie is. Die Here het by Sinai aan hulle verduidelik dat daar afstand tussen hulle en die tabernakel moet wees – die Leviete moes tussen hulle en die tabernakel kamp opslaan. Nie eens die Leviete mag priesterwerk dien nie – net die priesters. En nou het die Here drie maal baie duidelik onderstreep: net Aäron is die hoëpriester, en net sy geslag mag as priesters diens doen. Die Here het dit baie duidelik gemaak dat as een van hulle naby die tabernakel kom, dan moet hy doodgemaak word. Hulle het ook gesien dit help nie om hierdie reëling te bevraagteken nie. Korag het probeer, maar is lewendig die doderyk in. Hulle het self in opstand gekom, en toe sterf 14 700. En nou het die Here dit bevestig met net Aäron se kiere wat gebot het. En dit is die rede vir hulle mismoedige uitroep in vers 12-13. En tog is daar hoop vir hulle – hulle moet deur die hoëpriester na die tabernakel kom, oftewel die hoëpriester moet namens hulle kom. Dit bring ons by die derde aspek:
- **Belofte van lewe:** Daar is baie betekenis in die detail van die teken wat die Here hier gebruik het om Aäron as hoëpriester te bevestig. Net Aäron se kiere toon tekens van lewe. Al die ander kieres is niks anders as dooie stokke nie. Boonop toon Aäron se kiere nie net lewe nie – dit toon voortdurende, standhoudende lewe. Aäron se kiere het nie oornag maar net begin bot nie, nee, daar was botsels, bloeisels en ryp amandelvrugte. Ryp vrugte is reeds gereed om gebruik te word, en die feit dat daar bloeisels is dui aan dat as die ryp vrugte gebruik is, is daar die verwagting dat die bloeisels intussen gevorder het tot ryp vrugte. Verder is daar die verwagting dat die botsels dan al gevorder het tot bloeisels, wat op hulle beurt weer ryp vrugte sal wees teen die tyd dat daardie vrugte gebruik is. Alhoewel die volk kla dat dit klaar is met hulle, het die Here 'n ander boodskap: daar is lewe, ja, daar is selfs voortdurende, standhoudende lewe. Watter lewe het die Here in gedagte? Ek glo ons kan op twee maniere daarna kyk:
 - Op hierdie stadium is Aäron reeds ver gevorderd in ouderdom. Maar die Here wil dit duidelik maak, selfs al sou Aäron op 'n stadium sterf, is daar bloeisels. Alhoewel twee van Aäron se seuns, Nadab en Abihu, reeds dood is, het hy steeds twee seuns wat sy rol kan oorneem: Eleasar en Itamar. En na hulle sal van hulle kinders die rol oorneem. Die Here beloof dus dat daar altyd 'n hoëpriester sal wees. Dit sal volgehou word tot die ware Hoëpriester kom, dit is Jesus self. En in Heb 5:6 het ons laasweek gesien, wanneer Hy kom, sal Hy vir ewig Priester wees volgens die priesterorde van Melgisedek.

- Maar hierdie demonstrasie van lewe in Aäron se kirie toon meer: dit toon ook dat daar deur die hoëpriester lewe vir die volk beskikbaar is. Die Here het dit alreeds in Num 16:48 aan hulle gedemonstreer tydens die plaag wat die Here onder die volk ingestuur het. Toe het Aäron met sy vuurpan tussen die lewendes en die dooies gaan staan en versoening gedoen vir die volk – en dit is hoe die plaag opgehou het. Daar is lewe vir die volk moontlik – deur die versoeningswerk van die hoëpriester! Dit is die antwoord op die vraag van die volk in vers 13. Nee, solank julle op julle eie na die tabernakel van die Here kom, sal dit wel julle einde beteken. Maar daar is lewe vir julle as die hoëpriester vir julle versoening doen – dan is daar vir julle voortdurende, standhoudende lewe, oftewel ewige lewe. Maar dan moet julle deur die hoëpriester na die tabernakel kom.
- **Aäron se kirie in die verbondsark:** En dan is daar die vierde aspek waaraan ek aandag wil gee, en dit is die feit dat Aäron se kirie in die verbondsark geplaas moes word. Ek wil graag hierna in bietjie meer detail kyk.

Aäron se kirie in die verbondsark

In vers 10 het ons gelees dat die Here aan Moses die opdrag gee om Aäron se kirie voor die getuënis te plaas as 'n teken aan enigiemand wat weer in opstand wil kom. Wat beteken dit as die kirie voor die getuënis geplaas moet word? Lees Heb 9:3-5. Uit hierdie verse is dit duidelik dat Aäron se kirie in die verbondsark geplaas is. Maar dit was nie die enigste item in die verbondsark nie: daar was ook 'n kruik met manna, asook die kliptafels waarop die wet van die verbond geskryf was.

Kom ons spandeer nou eers 'n paar minute om onself te herinner aan die detail van die verbondsark. Ek het op my blog 'n skematiese voorstelling van die verbondsark geplaas om te help om 'n idee te vorm van hoe dit gelyk het. Ons lees daarvan in Eks 25:10-22. Die verbondsark het in die Allerheiligste van die tabernakel gestaan. Dit was basies 'n kis. Dit was 1.25 m lank, 0.75 m breed en 0.75 m hoog. Dit was van doringhout gemaak, en met goud oorgetrek. Bo-op die verbondsark was die versoendeksel, waarmee die verbondsark toegemaak is. Hierdie versoendeksel was van suiwer goud gemaak, en dit was net so groot soos die verbondsark. Bo-op die versoendeksel was twee gerubs, ook van goud. 'n Gerub is 'n engel. Een gerub was links en die ander een regs op die versoendeksel. Hulle gesigte het na mekaar en afgekyk na die versoendeksel, met hulle vlerke uitgesprei oor die versoendeksel. Kan ek jou herinner aan die troonvisioen wat Johannes in Op 4 gesien het – daar was 4 lewende wesens, of gerubs, om God se troon. Volgens Eks 25:22 is dit van hier tussen die gerubs op die versoendeksel wat die Here met Moses gepraat het – dit is hoekom die tabernakel dikwels die tent van ontmoeting genoem word. Ons sien dus hoekom daar dikwels na die verbondsark en die versoendeksel as die voetstuk van God se troon verwys word. In Engels word die versoendeksel ook die “mercy seat” genoem – dit is waar die Here as't ware sit. Onthou verder dat op die jaarlikse Groot Versoendag, het die hoëpriester van die bloed van die sondeofferbul op die versoendeksel gesprinkel (Lev 16:14).

Soos ons in Heb 9 gelees het, was die verbondsark nie leeg nie. Daar was drie items in die verbondsark:

- Eerstens was die twee plat klippe waarop die wet van die Here geskryf was, dit is die 10 Gebooe, hierin geplaas. Deut 10:3-5 beskryf dit baie duidelik. In Eks 25:16 en 21 word die wet beskryf as die “getuënis”, terwyl Heb 9 dit beskryf as die “wet van die verbond”. Dit verduidelik hoekom die ark die “verbondsark” genoem word, en soms ook die “ark van die getuënis”. As ons dus in Num 17 lees dat Aäron se kirie voor die getuënis geplaas moes

word, verwys “getuienis” na die twee kliptafels waarop die Here die 10 Gebooië geskryf het, wat in die verbondsark geplaas is.

- Tweedens lees ons in Heb 9 dat daar ook ‘n kruik met manna in die verbondsark was. In Eks 16 lees ons dat toe die volk op pad was tussen die Rooi See en Sinai het hulle in verset gekom teen Moses en Aäron oor hulle gebrek aan kos. Die Here het van toe af aan hulle manna gegee om te eet. Dit het aangehou tot hulle op die ou end die beloofde land ingeneem het. In Eks 16:32-34 word vir ons beskryf dat hulle twee liter manna moes bewaar, en hulle het dit ook voor die getuienis geplaas.
- Dertens lees ons in Heb 9 dat die kiere van Aäron wat gebot het, ook in die verbondsark geplaas was – soos wat ons in Num 17 lees, dat dit voor die getuienis geplaas is.

Hoekom is juis hierdie drie items in die verbondsark geplaas?

Aan die een kant moet ons die volgende raaksien: Aldrie het herinner aan geleenthede waar die volk in opstand gekom het, ten diepste teen die Here:

- Die plat klippe met die wet van die Here daarop, was die tweede stel klippe. Moses het die eerstes stukkend gegooi a.g.v. die goue kalf insident terwyl hy op die berg by die Here was.
- Die kruik met manna herinner aan die insident toe die volk in verset was teen Moses en Aäron oor hulle gebrek aan kos.
- Die bottende kiere van Aäron herinner aan die opstand van die volk teen die gesag van Moses en Aäron.

Kyk nou na die simboliek van die verbondsark. Hierdie drie items wat herinner aan die opstande van die volk is binne die verbondsark. Bo-op die verbondsark is die versoendeksel en bo-op die versoendeksel is die bloed van die sondeofferbul wat daarop gesprinkel is deur die hoëpriester op die Groot Versoendag. En daarbo is die teenwoordigheid van die Here. Spurgeon het die simboliek soos volg bespreek: Hy sê ons moet onthou die versoendeksel is netso groot as die verbondsark. Die enigste manier, menslik gesproke, waarop die Here, wat bo die versoendeksel is, na die items kan kyk wat in die verbondsark is, is as Hy deur die versoendeksel kyk. Maar op die versoendeksel is die bloed van die sondeofferbul! Die Here kyk dus deur die versoening wat die hoëpriester vir die volk gebring het, na hierdie items wat herinner aan hierdie verkeerde optredes van die volk. Is dit nie dieselfde as wat ons telkens in die Nuwe Testament lees nie. Byvoorbeeld, in Heb 10:11-14 lees ons van Ou Testamentiese priesters wat herhaaldelik offers gebring het, maar Jesus het net eenmaal ‘n offer gebring. Vers 14 sê: “Deur die een offer het Hy die wat vir God afgesonder word (letterlik: geheilig word), vir altyd volkome van sonde vrygemaak (letterlik: vir altyd volmaak)”. Jesus is nie net die ware Hoëpriester nie, Hy is ook die ware sondeofferbul. Dit is Sy bloed wat op die versoendeksel gesprinkel is. Dit is as die Here deur Sy bloed kyk, dat Hy sien dat ons van ons sondes vrygemaak is.

Maar ons kan selfs verder as dit gaan: Kom ons dink waarna hierdie drie items in die verbondsark wys:

- Dink weer aan die wet. Die wet herinner aan meer as die oortreding van die volk. In Eks 19:5-6 sê die Here vir die volk by Sinai, voordat Hy aan hulle Sy wet gee: “As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou...” sal julle ‘n koninkryk van priesters wees. Net hierna gee die Here in Eks 20 aan hulle die 10 Gebooië – ons het gesien Heb 9 beskryf die 10 Gebooië juis as die wet van die verbond – dit is wat hulle moet hou om ‘n koninkryk van priesters te wees. Maar ons weet hulle kan nie – hulle verbreek die verbond telkens maar weer. Dan kom Jesus in Mat 5:17-18 en Hy leer dat Hy nie gekom het om die wet op te hef nie – maar juis om dit te vervul. In vers 19 verduidelik Hy dat dit dié mense is wat die wet

gehoorsaam wat hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Die wet staan dus steeds en moet steeds deur diegene wat deel van die koninkryk van priesters wil wees, onderhou word. Ons weet hoe dit in die praktyk gaan werk: Jer 31:33 verduidelik dat met die aanbreek van die nuwe verbond, sal die Here die wet op die harte van gelowiges skryf, en Eseg 36:26-27 verduidelik dat hierdie harte nuwe harte van vleis gaan wees – en sodoende gaan die Here deur die Heilige Gees maak dat hulle die volgens die Here se voorskrifte sal leef.

- Die kruik manna herinner ook aan meer as die verset van die volk. Dit herinner aan die Here se versorging – Hy versorg hulle met manna vir die volle 40 jaar wat hulle in die woestyn is. Maar dit wys ook na Jesus: Lees Joh 6:32-36. Jesus verduidelik Hy is die brood van die lewe. Wie hiervan eet sal nooit weer honger word nie.
- Netso Aäron se kerie wat bot, herinner aan meer as die opstand van die volk. Dit herinner aan Jesus wat die ware Hoëpriester is, en deur wie se werk daar lewe moontlik is – voortdurende, standhoudende lewe, oftewel ewige lewe.

Opsommend: Jesus is dus die vervulling van die wet, Hy is die ware brood waarna die manna verwys, en Hy is die ware Hoëpriester.

Kom ons gaan nou terug na Num 17:13: Die volk is moedeloos: Is dit dan heeltemal klaar met ons? Is dit nie ook hoe ons soms voel nie? Immers, as die Here werklik verwag dat ons Sy wet moet onderhou om deel van die koninkryk van priesters te word, hoe kan enigeen van ons daarby uitkom? Ons skiet doodeenvoudig tekort. Is dit dan heeltemal klaar met ons ook?

Maar die simboliek van die verbondsark moet ons laat moed skeep:

- In die eerste plek sê die simboliek: Nog voor die volk by Sinai gekom het en die Here Sy wet gegee het, het Hy vir hulle gesorg en aan hulle manna gegee wat vir hulle die bron van lewe was waardeur die Here sy versorging vir hulle gedemonstreer het. Vir ons gaan die Here nog 'n stap verder en sê Hy het vir ons selfs meer as fisiese brood gegee – Hy het Sy Seun gegee wat die ware brood is. As jy daarvan eet, kry jy nooit meer honger nie. Skeep moed, eet van daardie brood, Hy sal voorsien wat ookal nodig is, vertrou op Hom.
- In die tweede plek sê die simboliek: Ja, die Here het Sy wet gegee as norm. En die vereistes van die wet staan steeds. En hierdie vereistes is hoog. Maar skeep moed: Jesus is boonop die vervulling van die wet. Hy het aan al die vereistes van die wet voldoen. En daarom het Hy geregtigheid bewerk. En Hy gaan daardie geregtigheid aan jou gee as jy van Hom geëet het.
- In die derde plek sê die simboliek: Soos wat daar toegang tot die tabernakel was vir die volk deur die hoëpriester wat versoening kon bewerk en lewe gee, so is daar vir ons toegang. Skeep moed, daar is 'n manier waarop julle aan die vereistes van die wet kan voldoen. Julle het 'n ware Hoëpriester wat eenmalig die volmaakte offer gebring het. Sy bloed is op die versoendeksel – en daarom is daar reeds versoening gedoen vir enige geval waar julle tekort geskiet het aan die eise van die wet. Maar hierdie Hoëpriester doen nog meer as dit: Hy deel Sy geregtigheid met julle. Hy doen dit deur Sy Heilige Gees. Sy Gees gee nuwe harte van vleis gee, waarop die wet van die Here geskryf is, en die gevolg is dat julle volgens die voorskrifte van die Here sal wil leef.

Ek hoop jy sien dat die verbondsark met hierdie drie items ons met opgewondenheid moet vul: Jesus as die ware brood voed ons, Jesus as die vervulling van die wet het geregtigheid vir ons bewerk, Jesus as Hoëpriester bewerk versoening vir enige geval waar ons die wet oortree, en Hy gee deur Sy Gees aan ons nuwe harte waarop Sy wet geskryf is, met die gevolg dat ons Sy wet wil gehoorsaam.

As gevolg van dit alles, kan Jesus in Sy Hoëpriesterlike gebed bid dat ons Een mag wees met Hom en die Vader (Joh 17:21-23a): “Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos ons Een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome Een kan wees.”